Die Verbond

Soos ons weet is die Bybel verdeel in die Ou en die Nuwe Testament, en hierdie woord Testament kom van die woord “testamentum” wat eintlik beteken “Verbond” of “Covenant”.

So die Bybel is in werklikheid die Ou Verbond en die Nuwe Verbond. Ons gaan hier vandaan ter verduideliking die woord Verbond gebruik i.p.v. die woord Testament.

Die woord Verbond of “Covenant” beteken dat dit ‘n bindende ooreenkoms is tussen twee partye. Die Hebr. en Griekse woorde vir Verbond is Berith en Diatheke en albei beteken “to cut covenant”.

M.a.w. om ‘n bindende ooreenkoms aan te gaan, wanneer daar bloei vloei, en om tussen twee stukke vleis te loop.

So ‘n Verbond of ooreenkoms wat tussen twee partye aangegaan is, is die mees bindendste, ernstigste en voltrekkendste ooreenkoms wat gesluit kan word, omdat dit verseël word deur die bloed van die partye. M.a.w. letterlik met hul lewe.

Wanneer twee partye - en in besonder in die geledere van die Israeliete - so ‘n Bloed ooreenkoms gemaak het, was daar nege stappe wat hulle gevolg het om die ooreenkoms wettig en bindend te maak.

Deur die eeue heen, het God verskeie verbonde met die mens gesluit, ooreenkomstig die omstandighede van daardie tye.

Elke keer wat God ‘n Verbond met die mens gesluit het, was dit die beëindiging van die vorige Verbond, sodat ‘n nuwer en beter Verbond gesluit kon word.

So vind ons in die Woord dat God het ‘n verbond o.a. met Noag en Abraham gesluit, en toe Hy die wette vir Moses op die Berg gegee het, het God weereens ‘n Verbond met die mens gesluit.

Mense het ook met mekaar so ‘n Verbond gesluit, soos bv. Jakob en Laban en Dawid en Jonathan, en so meer.

Die finale en laaste Verbond wat God gesluit het, en wat ‘n Ewige Verbond is, was nie tussen God en mens nie, maar tussen God die Vader en Sy Seun Jesus Christus. Hierdie finale Verbond is dan ook die Nuwe Verbond, die Bloed Verbond.

Maar kom ons kyk eers na die nege stappe wat gevolg was om hierdie Verbond te kon sluit. Daar was twee partye betrokke wie hierdie verbond aangegaan het, en hulle het:

1. Teenoor mekaar gaan staan en dan het hulle hul oorkleed uitgetrek en dit aan mekaar oorhandig.

Die oorkleed verteenwoordig die hele persoon - terwyl hulle met hul mond vir mekaar gesê het: Ek gee myself in totaliteit aan jou. My totale wese en my lewe, verbind ek aan jou.

2. Daarna het hulle hul gordel waaraan hul wapens was afgehaal en vir mekaar gegee, en daarmee vir mekaar gesê: Ek gee aan jou - ek verbind myself aan jou - al my krag, ondersteuning en beskerming.

Ek sal met alles tot my beskikking jou beskerm, by jou staan, vir jou veg. As iemand jou aanval, val hulle my ook aan. Jou stryd en gevegte is ook myne. Ek sal jou help, jou beskerm, en verdedig.

3. Die volgende stap was gewees om letterlik die verbond te sluit - cut the covenant. Hulle het ‘n dier geneem, bv. ‘n lam en dit in die middel deur gesny. In die Bybelse tye was ‘n dier sleg op hierdie manier gesny wanneer ‘n verbond gesluit was.

Nadat hulle die dier in twee gesny het, het hulle die twee helftes op die grond geplaas, en tussen die twee halwes met hul rûe teen mekaar gaan staan, en dan het hulle begin stap ,deur die bloedige halwes, in die vorm van ‘n agt, en weer geëindig waar hulle begin het, maar hierdie keer met hul gesigte na mekaar.

Deur dit te doen het hulle twee dinge vir mekaar gesê, nl.:

(1) Ek gee alle reg op op my eie en ou lewe, en ek begin om in ‘n nuwe lewe, saam met jou as my verbondsgenoot - covenant partner - te wandel, tot die dood ons skei. Nadat hulle dit vir mekaar gesê het, het hulle na die twee halwe gewys en gesê:

(2) “Here doen so met my as ek ook probeer om hierdie verbond of ooreenkoms te verbreek.”

4. Daarna het hulle hul regterarm opgehef, ‘n sny in die palm van hul hand gemaak en hul hande teen mekaar gevryf sodat hul bloed met mekaar se bloed kon meng, terwyl hulle ewige trou aan mekaar beloof het.

Soos hul bloed gemeng het, het hul lewe een geword, want die lewe is in die bloed. M.a.w. hul sê vir mekaar, ek lê my ou lewe en natuur af, en ek neem jou lewe en natuur aan. Ek sterf aan my ou natuur en staan op in ‘n nuwe natuur.

5. Nadat hulle hierdie deel gedoen het, en teenoor mekaar staan terwyl hul bloed met mekaar se bloed meng, het hulle daardeur ook gesê - ek neem jou naam aan as deel van my naam. Hulle het mekaar se name aangeneem.

6. Dan het hulle aangegaan en daar waar die wond was, het hulle hul wonde teen mekaar gevryf sodat dit ‘n merk kon maak, wat ‘n permanente getuie en bewys sal wees dat daar ‘n verbond tussen hulle aangegaan is. Wanneer so ‘n merk gemaak was, en die vyand val een van die partye aan, het hulle hul hand gelig sodat die vyand daardie merk kon sien wat vir hom sê “ek is in ‘n verbond met iemand anders, ek is nie alleen nie, ” dan het die vyand die aftog geblaas, want hy het geweet wat die merk vir hom beteken.

7. Dan het hulle voor getuienisse gestaan en ‘n verklaring gemaak waarin hulle gesê het - alles wat myne is, is joune, en alles wat joune is, is myne.

Ek het gesterf aan my ou lewe, en saam met jou opgestaan in ‘n nuwe lewe, daarom is alles wat ek het tot jou beskikking en alles wat jy het is tot my beskikking.

8. Om die verbond mee te af te sluit, het hulle saam ‘n verbondsete geëet van brood en wyn. Wanneer so ‘n verbondsete van brood en wyn genuttig was, het die brood die liggaam en die wyn die bloed simboliseer. Ook ons liggaam en ons bloed.

Die twee partye het die brood geneem en mekaar daarmee gevoed en gesê: Dit is simbolies van my liggaam en ek plaas dit nou in jou.

Dan het hulle die wyn geneem en vir mekaar gegee en gesê: Dit is simbolies van my lewe en bloed, en ek nou vir jou gee.

Met die wat hulle vir mekaar brood en wyn bedien het, het hulle nie net hul liggaam en lewe vir mekaar gegee nie, maar ook mekaar sin in ontvangs geneem, en daardeur gesê: Ek is nou in jou, en jy is in my, ons is nou een met ‘n nuwe natuur.

9. Dan het hulle na die finale en laaste stap oorgegaan om die Verbond finaal te bekragtig, en dit was om ‘n gedagtenis aan die verbond wat gesluit was, op te rig, deur ‘n boom te plant.

Hulle het die bloed van die dier wat in die helfte deur gesny was geneem, en gesprinkel op die boom, en die boom het ‘n ewige getuie geword van die Verbond wat tussen twee partye gesluit was.

Wanneer so ‘n verbond tussen twee persone gemaak was, was ook hul kinders en selfs ook ongebore kinders by die verbond ingesluit, want hul ongebore kinders was in hulle en daarom was hulle deel van die Verbond en alles wat die verbond inhou en beteken.

Dit wat ons hier na gekyk het, was ook die basis van die Ewige Bloed Verbond wat tussen God die Vader en Sy Seun Jesus gemaak is, en wat nooit weer met ‘n ander Verbond vervang kan word nie.

Jesus en die Vader het ooreengekom dat Jesus die gestalte van ‘n mens sal aanneem, dus mens word, sodat Hy die plek van die mens kan inneem. M.a.w. Hy sal die mens verteenwoordig, en alles wat die mens, met sy menslike natuur en besoedelde bloed is.

Fil. 2.6-8 sê: Hy, wat in die gestalte van God was, het dit geen roof geag om aan God gelyk te wees nie, (7) maar het Homself ontledig deur die gestalte van 'n dienskneg aan te neem en aan die mense gelyk geword; (8) en in gedaante gevind as 'n mens, het Hy Homself verneder deur gehoorsaam te word tot die dood toe, ja, die dood van die kruis.

En toe God die Vader en Jesus die Verbond sluit, het Jesus voor die Vader gestaan as die Middelaar tussen God en mens, waar Hy die mens verteenwoordig, en hulle het letterlik aan mekaar gesê, dit wat ons vind in die nege stappe van die Verbond.

1. In die eerste deel van Verbond is die kleed uitgetrek en geruil. Dit het Hy namens ons gedoen sodat ons ons menslike kleed, wat ons hele menswees na gees, siel en liggaam verteenwoordig, kan verruil vir wat Hy is, en met Hom oorklee kan word.

2. Was die gordel en wapens geruil. Die gordel verteenwoordig ook outoriteit. Hy het namens ons, ons menslike outoriteit en wapens oorhandig, sodat ons Hom as ons geestelike wapenrusting kan opneem, waarin al Sy krag, beskerming en vermoë tot ons beskikking is, terwyl Hy vir ons die stryd stry.

3. Die lam was in twee gesny, en daar was ‘n wandeling deur die bloed wat Hy namens ons gedoen het waarin gesê word, ek sterf aan myself, my ou natuur, sodat ek die natuur van my verbondsvernoot kan opneem om in hierdie nuwe natuur te kan lewe. Hy was as die Lam van God vir ons geslag.

4. Dan was daar ‘n wond gemaak in die palm van die hand sodat die bloed kon meng wanneer dit bymekaar gebring geword het, en deur dit te doen was trou aan mekaar belowe.

Hy het namens ons wonde in Sy Hande gekry, sodat Sy rein onbesmette Bloed kon uitvloei om te kan meng met ons besmette en besoedelde bloed, sodat ons en Hy een kon word. Met hierdie eenwording, reinig Sy Bloed ons onreinhede.

5. Het die verbondsvernote name geruil. Hy het namens ons daar gestaan en ons naam in Hom geneem sodat ons Sy Naam kon aanneem, en in die krag van Sy Naam nie net toegang tot God die Vader het nie, maar tot die skatkamers van die Hemele en in sy Naam kan heers oor demone en bose geeste.

6. Was ‘n merk gemaak wat as ‘n getuienis sal dien dat daar ‘n verbond aangegaan is. Hy het namens ons wonde in Sy Hande en Voete, op Sy rug en hele liggaam verkry as ‘n getuienis dat daar ‘n Bloedverbond aangegaan is en wanneer die vyand ons aanval, kan ons vir hom die getuienis van die merke in Sy Hande en Voete en Liggaam wys, wat sê - val jy my aan, sal Hy wie hierdie merke dra, en jou alreeds oorwin en kaal gestroop het, agter jou aankom.

7. Het die Verbondsgenote in die teenwoordigheid van getuienis gesê: Alles wat myne is, is joune en alles wat joune is, is myne. Ek is begrawe saam met jou en het opgestaan in ‘n nuwe lewe saam met jou. Hy het dit namens ons gedoen, daarom was Hy ook o.a. gedoop in die Jordaan rivier, sodat wanneer ons deur die doopwaters gaan ons voor getuienis sê: Ek is begrawe saam met u, en ek staan op in ‘n nuwe lewe saam met u, alles wat myne is behoort aan u, en alles wat aan u behoort, is ook myne.

Die Jordaanrivier waarin Jesus gedoop is, is ook simbolies van die doodsjordaan waardeur die mens gaan. M.a.w. om van die ewige dood, deur die waters te gaan, na die ewige lewe. Die Bloed en die Water saam, is baie, baie belangrik. Dit was die eerste sakrament wat Hy ingestel het.

8. En daarna het die Verbondsete, die tweede sakrament gevolg, waar die brood gebreek was, en die wyn gedrink was, en waar Hy namens ons gesê het. Ek gee My liggaam en My Bloed vir jou, sodat My lewe in jou kan kom, en jy gee jou liggaam en jou bloed vir My sodat dit in My kan kom en ons een word.

Ons word een wanneer jy My innooi in jou lewe, omdat jy op My uitnodiging gereageer het toe Ek jou ingenooi het in Myne.

Wanneer ons een word, sal My onverganklike jou verganklike oorklee en My lewe sal die dood in jou vervang met die Ewige Lewe, want My Bloed in Onbederfbaar.

9. En nadat hierdie dele van die Verbond tussen God die Vader en Sy Seun Jesus afgehandel was, het hulle saam ‘n Boom geplant.

‘n Boom op die heuwel van Golgota, as ‘n getuienis dat daar ‘n Verbond, die Nuwe Verbond, die Bloedverbond, tussen God die Vader en Sy Seun Jesus gemaak is.

En Jesus die Lam wat geslag was, was aan hierdie boom vasgenael met spykers, en terwyl Hy daar gehang het, het Hy die Boom gesprinkel met Sy Bloed, as ‘n Ewige Getuienis van die Bloedverbond wat nooit kan verander, en deur niemand tot niet verklaar kan word nie, want daar is niemand hoër en magtiger as Hy wie dood was en lewend geword het, wie die Eerste en die Laaste is, en wie Sy onbesmette, onbesoedelde Bloed kom stort het sodat ons kan lewe.

1 Petr. 2.24 Ampf. sê: He - Jesus - personally bore our sins in His own body on the tree [as on an altar and offered Himself on it] that we might die [cease to exist] to sin and live to righteousness. By His wounds you have been healed.

en Hand. 5.30 The God of our forefathers, raised up Jesus, whom you killed by hanging Him on a tree (cross).

Toe God die Vader en Jesus hierdie Verbond gesluit het, was ons alreeds in Hom Jesus die Godmens.

Ons lees in *1 Petr. 1.18-20: Forasmuch as ye know ye were redeemed ....with the precious blood of Christ, as of a lamb without blemish and without spot. Who verily was foreordained before the foundation of the world, but was manifest in these last times for you.(KJV)*

Volgens hierdie Skrif - was nog voor die fondasie van die aarde gelê was, was daar alreeds op hierdie Verbond besluit, en ons was daar toe die Verbond aangegaan is, omdat ons in Hom as ons Skepper was.

En a.g.v. die Verbond, het Hy aarde toe gekom en mens geword, om die Verbond wat Hy nie kan verbreek nie, na te kom.

Soos reeds vir u genoem is, is ons en ons kinders en ook ongebore kinders by die verbond ingesluit, maar net tot op ‘n sekere punt.

God het aan alle mense die mag van keuse gegee en wanneer ‘n persoon die punt bereik waar hy of sy kan onderskei tussen reg en verkeerd en kan keuses maak, moet jy deur middel van jou mag van keuse besluit of jy in die Verbond wil bly, en of jy dit wil verwerp.

Met ander woorde, ongeag van jou ouderdom, as jy kan verstaan dat Jesus vir jou sondes gesterf het moet jy Hom deur die woorde van jou eie mond innooi in jou lewe - jy kies dus om in die Verbond te bly - of jy kies om nie in die Verbond te bly nie, en jy draai jou rug op hom.

Deur te kies om in die Verbond te bly, word jy wedergebore en ontvang jy die Ewige Lewe, deur die Verbond te verwerp kies jy die Ewige dood.

Rom 10:10 sê: want met die hart glo ons tot geregtigheid en met die mond bely ons tot redding. Wanneer u Jesus aanneem, word die hele Bloed Verbond vir u van krag.

Om deel te hê aan beide die twee sakramente is die uiterlike getuienis en teken daarvan - in besonder in die geesteswêreld - dat jou hart besny is en dat jy a.g.v. jou mag van keuse gekies het om in die Ewige Bloed Verbond te bly.

Om in die Bloed Verbond te bly is nie iets wat outomaties gebeur of deur ‘n ander persoon se toe doen kan gebeur nie, dit is a.g.v. die keuse wat jyself gemaak het, want niemand kan namens iemand anders sy mag van keuse gebruik nie.

Ek wil dit vir u uit die Skrif wys, en ons sien dit in die lewe van Dawid en Jonatan wie ‘n verbond gesluit het. Kom ons staan vir ‘n wyle stil by hierdie gebeurtenis.

1Sam 17:57-58 En toe Dawid terugkom nadat hy die Filistyn verslaan het, het Abner hom geneem en hom voor Saul gebring, met die hoof van die Filistyn in sy hand. En Saul vra hom: Wie se seun is jy, jongman.

En Dawid sê: Die seun van u dienaar Isai, die Betlehemiet. 18:1-6 En nadat hy sy gesprek met Saul beëindig het, het die siel van Jónatan verkleef geraak aan die siel van Dawid, en Jónatan het hom liefgekry soos sy eie siel. Toe sluit Jónatan met Dawid 'n verbond, omdat hy hom liefgehad het soos sy eie siel. Daarby trek Jónatan sy mantel uit wat hy aangehad het, en gee dit aan Dawid; ook sy klere, ja, selfs sy swaard, boog en gordel. En Dawid het uitgetrek.

Ons ken die geskiedenis dat Saul later Dawid gevrees en gehaat het en jag op hom gemaak het met die doel om hom dood te maak, want Dawid was ‘n dapper vegter wie Goliat verslaan het sowel as baie ander vyande. Dawid was ‘n man na God se hart. Dawid wie nie Saul se ondergang gesoek het, soos Saul syne gesoek het nie.

Saul was die teenoorgestelde van Dawid en alhoewel hy op daardie stadium die gesalfde van die Here was, was hy buite die wil van God. Hy was rebels en het sy eie belang gesoek en nie die van God nie.

Dit het ‘n obsessie by hom geword om Dawid dood te maak, en Saul het aan sy familie ‘n leuenbeeld van Dawid geskep, waar hy hulle laat glo het dat Dawid agter sy Troon aan is, en dat hy wie Dawid is die hele familie sal uitwis om die Troon te kan bestyg. Die familie van Saul - behalwe Jonatan - het dit geglo en Dawid gesoek om hom dood te maak.

Jonatan was net die teenoorgestelde as Saul en die res van die familie. Jonatan was meer soos Dawid, en het Dawid liefgekry, en daarom het Jonatan met Dawid in ‘n vriendskapsverbond ingegaan.

Jonatan het getrou en het ‘n seun gehad met die naam van Mefibóset. In 2 Sam. 4.4 lees ons toe Mefibóset 5 jaar oud was, was beide Saul en Jonatan gedood in ‘n geveg wat by Jísreël plaasgevind het.

Vir die familie van Saul was dit skokkende nuus en hulle het gedink dat Dawid hulle almal nou gaan dood maak, en hulle het op die vlug geslaan.

Die oppasser van Mefibóset het hom opgetel en in haar haastigheid om te vlug, hom laat val, en albei sy voete is beseer en hy was in albei voete verlam. Hulle het na Lódebar gevlug en daar gebly.

Intussen het Dawid koning geword, en op ‘n dag het hy onthou van die Verbond wat tussen hom en Jonatan gesluit was, en hy het gewonder of daar nog enige van Jonatan se familie lewe.

Hy het baie navrae gedoen maar kon hulle nie opspoor nie, want almal was te bang om iets te sê, maar eendag het ‘n dienaar hom vertel van Mefibóset.

Dadelik het Dawid sy dienaars na Lódebar gestuur om Mefibóset te gaan haal wie baie beangs en bevrees was en geglo het Dawid gaan hom om die lewe bring.

Toe hulle Mefibóset voor Dawid bring het hy bevrees op sy aangesig voor Dawid geval, waar hy op die ergste gewag het. Maar in plaas van die doods vonnis wat hy verwag het, hoor hy Dawid sê vir hom in

2 Sam. 9.7: Wees nie bevrees nie, want ek sal jou sekerlik guns bewys terwille van jou vader Jónatan en al die grond van jou vader Saul aan jou teruggee, en jy self sal altyddeur aan my tafel brood eet.

Mefibóset kon amper nie glo wat hy hoor nie en val voor Dawid neer en sê: 2 Sam. 9:8 Wat is u dienaar, dat u na 'n dooie hond soos ek is, omgesien het?

Hy sê letterlik: Koning Dawid ek het u gehaat, ek het u name genoem, ek het u beskuldig, en u betoon genade aan my, wie verdien om te sterf - ‘n dooie hond te wees.

Maar Dawid se reaksie op Mefibóset was gewees: Ek weet jy verdien om te sterf, en dat jy dit nie verdien om te bly lewe nie, en daar is niks wat jy kan doen om my guns en genade te verkry nie, maar Mefibóset, dit het niks met jou te doen dat ek vandag genade en guns aan jou bewys nie, ek doen dit a.g.v. die Verbond waarmee ek met my eie bloed met jou vader Jonatan gesluit het. ‘n Bloedverbond wat nie verbreek kan word nie.

En hier is die ooreenkoms van die Verbond dat ek jou guns en genade sal bewys, en jou land sal herstel. ek sal jou seën, en jou vergewe van al die verkeerde wat jy aan my gedoen het.

My huis is jou huis, en my besittings is jou besittings, en ek sal jou aanneem as my eie kind. Sien jy hierdie merk aan my hand, dit kom van die wond toe ek en jou vader ‘n Bloed Verbond gesluit het. Daarom is ek jou, sy kind genadig. Hierdie merk is die getuienis van die Bloed Verbond wat tussen my en jou vader gesluit was.

En ons lees vanaf vers 9 staan: En die koning het Siba, die dienaar van Saul, geroep en vir hom gesê: Alles wat Saul en sy hele huis gehad het, gee ek aan die seun van jou heer.

(10) En jy moet vir hom die grond bewerk, jy en jou seuns en jou slawe, en jy moet voedsel inbring, dat die seun van jou heer brood het om te eet; maar Mefibóset, die seun van jou heer, sal altyddeur aan my tafel brood eet.

En Siba het vyftien seuns en twintig slawe gehad. (11) Toe sê Siba aan die koning: Net soos my heer die koning sy dienaar beveel, so sal u dienaar doen; en Mefibóset het aan die tafel van Dawid geëet soos een van die koning se seuns.

Terwyl Dawid die ooreenkomste van die Verbond vir Mefibóset verduidelik het, het Mefibóset daar as ‘n persoon gestaan met ‘n vrye wil en ‘n vrye keuse, en hy kon kies of hy deel wil wees van die Bloed Verbond wat tussen sy vader en Dawid gesluit was, en of hy wou terug gaan na Lóbedan, waar hy op sy eie moes oorleef.

Hy kon kies of hy in die paleis wou bly, en aansit aan die tafel van die koning en of hy terug wou gaan die woestyn in.

Mefibóset het besluit om in die verbond te bly en onmiddellik het die verbonds ooreenkomste vir hom van krag geword. Onmiddellik het Dawid hom aangeneem as sy eie kind en het hy die voordele van ‘n koningskind, ontvang, en saam met Dawid ‘n verbondsete genuttig.

In hierdie verhaal sien ons hoe Dawid en Jonatan ‘n tipe is van God die Vader en Sy Seun Jesus wie ‘n Bloedverbond aangegaan het. Dawid en Jonatan het klere en wapens geruil, en met mekaar ‘n verbond gemaak waar hulle hul beloftes aan mekaar gemaak het.

Ons is die Mefibósette, wie nog gebore moes word toe die verbond gesluit is. Ons liggame is net so kruppel en ons lewensomstandighede is net so ellendig soos wat die van Mefibóset was.

En die vyand vertel aan die mens die leuen van dat God ‘n harde God is, wat groot eise aan jou stel, en net gereed staan om jou te straf as jy die geringste fouteer, met die gevolg dat die mens van God en Sy Liefde af wegvlug, en elders - daar in Lóbedan in die woestyn - onder moeilike omstandighede probeer oorleef.

Maar dan kom die Koning Jesus wie onthou het dat daar ‘n Bloed Verbond tussen Hom en die Vader gemaak is, en dat ons wie Hom verwerp, gespot en gehoon het, ons wie niks met Hom te doen wil hê nie, ons wie Hom vrees en die leuens van die vyand glo - en Hy is ons genadig en van Sy kant af reik Hy uit na ons, en bied vir ons aan dat ons kan kies of ons Sy Kind wil word, in sy paleis kom bly, aan Sy Tafel wil kom aansit, en Sy Naam wil aanneem.

En wanneer ons kies om in die Verbond te bly, kom Sy Bloed in aksie en reinig ons besmette, besoedelde bloed van ons menswees, met Sy Bloed wat Hy aan die Boom - die Kruis gestort het. En ons gaan uit die dood oor in die Ewige Lewe.

Die Ewige Lewe is in die Bloed van Jesus. U kan nie die Ewige Lewe deelagtig word, sonder die Bloed van Jesus nie, want Jesus se Lewe is in Sy Bloed, en omdat die Ewige Lewe in Sy Bloed is, kon die graf en die dood Hom nie gevange hou nie. Daar is niks en niemand wat Hom kan vernietig en ewig dood maak nie. Jesus sê in Joh. 10.17,18: *Daarom het die Vader My lief, omdat Ek my lewe aflê om dit weer te neem. (18) Niemand neem dit van My af nie, maar Ek lê dit uit Myself af. Ek het mag om dit af te lê en Ek het mag om dit weer te neem. Hierdie gebod het Ek van my Vader ontvang.*

Niemand kon Jesus dood gemaak nie, want die Ewige Lewe is in Hom, Hy het gewilliglik self Sy lewe afgelê - uitgestort - en Hy het dit weer opgeneem toe Hy opgestaan het. In die Ewige Lewe is opstandingskrag. En dit is hier dieselfde wat Jesus in Hom het, wat Hy in ons sit - blaas sodat daar ‘n sirkulasie van Sy Ewige Bloed kan wees - wanneer ons deur wedergeboorte een word met Hom.

En dit is daardie Ewige Lewe wat ons ontvang by wedergeboorte, wat ons ook ons liggame sal opwek wanneer ons ‘n verheerlikte liggaam gaan verkry met die opstanding. Jesus sê in *Joh. 6.40: En dit is die wil van Hom wat My gestuur het, dat elkeen wat die Seun aanskou en in Hom glo, die ewige lewe mag hê; en Ek sal hom opwek in die laaste dag. 54: Hy wat my vlees eet en my bloed drink, het die ewige lewe, en Ek sal hom opwek in die laaste dag.*

Dink net vir ‘n oomblik daaraan wat beteken hierdie woord “Ewige Lewe”. Dit beteken om vir ewig en ewig, sonder ophou, te kan bly lewe, saam met Hom. ‘n Lewe vry van angs, spanning, stryd, siekte en sonde.

Liewe kind van God, maak seker dat u lewe met Hom reg is, sodat u nie die Ewige Lewe wat u by wedergeboorte ontvang het, verloor nie, want u kan dit weer verloor as u die Verbond verbreek.